# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Die Verbond en die Wet

**Skriflesing:**
Eksodus 19:10-20:1evv

**Teksvers:**
Eksodus 20:1

**Sing:**
Ps 31:17,19
Ps 40:4
Sb 9-4:1,4,5
Sb 14-1:2,3
Ps 119:4,37,63
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Die duiwel se metodiek is gewoonlik een van *vrees*. Sy misleiding kan gesien word in die wanbegrip as dit by die wet van God kom. Hy saai die leuen dat dat die wet 'n voorwaarde vir redding is. Of as jy sondig en die wet oortree gaan jy braai… Hy werk met vrees.

Die Here werk egter heeltemal andersom. Hy werk met die *liefde* (en geloof en hoop). Hy gee sy wet as die liefdesgebod – die doel en die inhoud van die gebooie gaan oor liefde! Daarom is die wet nie voorwaarde vir die saligheid nie, maar wel die reël vir ons *dankbaarheid,* omdat die Here ons so ontsaglik liefhet.

Hy vra eintlik net in sy Tien Gebooie: *My kind, gee my jou hart, gee my jou lewe!*

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Van Brood alleen sal die mens nie leef nie

**Skriflesing:**
Matteus 4:1-11;
Deuteronomium 8:1-6

**Teksvers:**
Matteus 4:4

**HK** Sondag 50

**Sing:**
Ps 104:1, 8, 9 17, 20
Ps 107: 2, 4
Ps 36:2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Het u al gewonder waarom ons Here Jesus ons sal leer om te bid vir brood voordat Hy ons leer om te bid vir sonde vergifnis? Beteken dit ons liggaamlike nood is belangriker as ons geestelike nood?

Ons staan vanaand stil by die aangrypende gebeure van die versoeking in die woestyn waar ons Here Jesus ons leer oor die belangrikheid van ons verwagting oor God wat sorg.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 48 Nr 06 19 Februarie 2023**


## Is jy gereed?

Nog 'n geweldige ramp het die wêreld geskud.

Op 9 Februarie 2023 om ongeveer 4uur die oggend vroeg, terwyl die meeste mense nog vas aan die slaap was in hierdie winternag in Turkye en Sirië, het 'n aardbewing van 7.8 op die Richterskaal, opgevolg deur 'n tweede skudding van 7.7, dood en verwoesting gesaai. Die syfer tot op vandag waar ek hier skryf reken daar is meer as 41 000 reeds mense dood. Steeds word mense na meer as 'n week nog lewend onder die hope puin van die meer as 7000 hoë geboue wat geval het, uitgehaal. Die hartseer en pyn van hierdie landstreke raak die harte van meeste mense regoor die aardbol, en daar word op allerlei wyse gesimpatiseer en met noodleniging onder moeilike omstandighede gehelp.

Ek moes dadelik dink aan die versie in Ef 5:14-20 *…"Daarom sê die lied: 'Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig.' Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. Koop die tyd uit, want ons lewe in 'n goddelose tyd. Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen. Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus."*

Die aardbewing se emosionele, finansiële en psigiese gevolge is onmeetbaar op enige skaal. Ons harte gaan uit na elkeen wat die pyn van soveel verlies in die volgende weke, maande en jare moet probeer verwerk. Wat ons egter wel weet is dat ook hierdie ramp deel uitmaak van die tekens van die naderende koms van Jesus Christus op die wolke van heerlikheid (Mat 24).

In 'n wêreld waar ons konstant herinner word aan die tydelike en verganklike bestaan wat ons ons hier beleef, moet ons ons oefen om ons harte te fokus op die *onverganklike* God en sy *ewige* beloftes! Mag die Woord ons onwankelbare fondasie wees. Mag ons ons oë rig op die ewige gebou in die hemel wat God vir ons voorberei het. Want Jesus is aan die kom en die verwoesting van sy oordeelsgloed sal veel erger wees as enige katastrofe wat hierdie wêreld in sy hele bestaan beleef of gesien het. Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak, en sy geliefde uitverkorenes red soos brandhout uit die vuur.

Laat ook hierdie aardbewings van Turkye vir ons 'n herinnering wees dat Jesus oppad is, en aan die vraag of jy daarvoor gereed is.

Is jy nog aan die slaap of is jy wakker en gereed? Ds Maarten

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 5 Ps 81:1,12 Volgende week: Les 6 Ps 81:1,12

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sustentasiefonds

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
| --- | --- | --- |
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## EVANGELISASIEKOMMISSIE

Die EVK benodig asb die volgende in verband met die stigting van 'n Crossroads Prison Ministries (CPM) kantoor op die GKC kerkterrein:

- 'n persoon wat op 'n vrywillige basis kan help met die administrasie van lesse. Dit behels die ontvangs en uitdeling van lesse sowel as invoer van data (student se data) op 'n databasis. Dit sal hier op die kerkterrein wees.
- Twee staal sluitkaste vir die berg van die lesse en skryfbehoeftes.
- Tweedehandse skootrekenaar in goeie werkende toestand vir die administrasie van CPM lesse.
- Persone wat lesse en briewe kan nagaan van die mentors vir ekstra insette en ondersteuning.

Kontak asb vir Marlou van den Berg by 082 412 4313 vir meer inligting

## Geestelike Opbou

**26 Feb 2023** na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

### Bybelvertaling: waarom en hoe?

Dit is verbasend hoeveel Bybelvertalings beskikbaar is. In Afrikaans is daar drie wat deur die Bybelgenootskap uitgegee is, met nog ander van gewone uitgewers. Kan 'n mens vertalings vertrou? Op grond waarvan moet 'n mens 'n vertaling beoordeel? Hierdie gesprek hanteer hierdie sake, met toespitsing op die 2020-vertaling.

GK Daspoort nooi u hartlik uit na die

DIE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE

Tema:

**Die HERE heers as enigste Heer**

**9-11 Junie 2023**

*Registrasie is GRATIS!*

**Gereformeerde Kerk Daspoort**
728 Jenningstraat
Daspoort

**Registreer asb voor 2 Junie by www.gkdaspoort.co.za/konferensie om jou plek te bespreek!**

**Sprekers:**

- Ds. Ben Smit
- Prof. Gert (Jorrie) Jordaan
- Prof. Alwyn Swanepoel
- Ds. Anton Dednam
- Ds. Kosie Henning

Fanie Viljoen - 082 473 1552
Japie Venter - 082 823 8019



**Veilige parkering / Kinderoppassers beskikbaar.**

## ALGEMENE SINODE 2023

Die Algemene Sinode van die GKSA het op 3 Februarie 2023 na ’n week van vergaderings, tot ’n einde gekom. Daar is aanvanklik voorsiening gemaak dat die Sinode vanaf 6 tot 10 Februarie ook telematies sou kon voortgaan, maar gelukkig kon die Sinode gedurende die eerste week al die werksaamhede afhandel. Dit is voorwaar so dat die vergadering onder leiding van die Heilige Gees plaasgevind het en dank word uitgespreek vir almal se voorbid-ding.

‘n Paar ingrypende besluite is geneem wat groot hartseer, teleurstelling en ontnugtering teweeggebring het. Daar is egter ook aangeleenthede goedgekeur wat die GKSA tot groot voordeel strek.

Voorbeelde van eersgenoemde is die reëlings in verband met Die Kerkblad, asook die GKSA se verhouding met die NWU. Sake wat weer blydskap en voordeel gebring het was onder andere die 2020-vertaling, nuwe liedere en vertalings.

Daar is met leedwese kennisgeneem dat Die Kerkblad vanaf 1 Mei 2023 nie meer in sy huidi-ge gedrukte vorm sal verskyn nie. Vanweë dalende intekengetalle, maar veral vanweë die hoë drukkerskostes, sal Die Kerkblad slegs elektronies voortgaan. Dit is nogal hartseer as mens onthou dat die eerste *De Maandbode* destyds op 1 April 1873 verskyn, waarna die naam op 1 Oktober 1894 na Het Kerkblad verander het. Die Nederlands is later vervang en het die tydskrif as Die Kerkblad voortgegaan. Na presies 150 jaar word die gedrukte uitgawes hierdie jaar gestaak.

Emeritus ds. Cassie Aucamp is aangestel as die nuwe redakteur van Die Kerkblad nadat prof. C.F.C. Coetzee, na agt jaar die amp van redakteur neergelê het. Ds. Cassie wil, ondanks die Sinode se besluit, tog eers graag weer kyk of die gedrukte uitgawes dalk tog gered kan word; daarom versoek hy almal om te oorweeg om wel daarvoor in te teken. Daar moet egter onthou word – die moedige poging ter wille van behoud ten spyt - dat die Sinode die besluit om die gedrukte weergawe te staak, goedgekeur het. Die besluit om Die Kerkblad in gedrukte uitgawe te staak, is ook in lyn met wat reeds met van die ander kerklike tydskrifte gebeur het.

(word vervolg)

Skriba: Oudl Pieter Wolmarans



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

*….en op hierdie rots sal Ek my kerk bou,*
*en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.*
*Matteus 16:18*



# *Verjaarsdae*

**Belydende lidmate**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 19-Feb | Zané | de Lange | C05 | 27791735813 |
| | Marietjie | Smit | C08 | 27828626468 |
| | Janes | van Rooy | B02 | 27827711518 |
| | Sanmari | Venter | A04 | 27714855995 |
| 20-Feb | Christelle | Bornman | C10 | 27849413391 |
| | Corrie | Cassidy | C13 | 27825727162 |
| | Anita | Kroep | C14 | 27722619693 |
| | Lodi | Olivier | C11 | 27824438886 |
| | Johnny | Viviers | A17 | 27611532995 |
| 21-Feb | Petri | Pienaar | B13 | 27825618300 |
| | Corlia | v Biljon | A16 | 27729223393 |
| 22-Feb | Elize | Breed | A08 | 27795149451 |
| | Jaco | Erasmus | C06 | 27832925632 |
| | Tarina | Human | C03 | 27820967678 |
| | FC | Pelser | A05 | 27714221278 |
| 23-Feb | Gustav | Bond | B04 | 27735813422 |
| | Jacques | Jacobs | B14 | 27832910008 |
| | Elna | Marx | B12 | 27833208781 |
| | Lané | Viljoen | C08 | 27829676314 |
| 24-Feb | Susan | du Plessis | C01 | 27721241076 |
| | Johan | Hoogenboezem | A03 | 27832962360 |
| | Zak | Nel | C12 | 27826548060 |
| | Pieter | Wolmarans | C14 | 27839498899 |
| 15-Feb | Herman | Reinecke | A12 | 27660931017 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 19-Feb | Adriaan | Erasmus | C09 | 27828833389 |
| | Mikayla | Gentle | B01 | 27824646893 |
| | Righardt | Smidt | C09 | 27824064266 |
| 20-Feb | Elana | Roets | C11 | 27833805383 |
| | Anné | Struwig | C13 | 27727753322 |
| 21-Feb | Riekie | Kruger | B09 | 27820811030 |
| 22-Feb | Hendré | Bye | C05 | 27798063325 |
| | Cornelia | vd Smit | B06 | 27828472204 |
| 23-Feb | Jonathan | v Biljon | A16 | 27729223393 |
| | Thomas | v Biljon | A16 | 27729223393 |
| 24-Feb | Pedré | Pienaar | B13 | 27825618300 |
| | Dianè | Rheeders | B05 | 27825151558 |
| 25-Feb | Chanel | Snyman | B10 | 27723455880 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*“Net by God vind ek rus...” Ps 62:1*

- Marie het ’n handoperasie ondergaan en Kas vd Walt het ’n ongeluk met ’n houtwerk-masjien gehad waarna hy ook ’n operasie moes ondergaan (C3—664 8284).
- Rassie Erasmus het ’n hartaanval gehad na sy been amputasie, hy sterk nog aan in Unitas hospitaal (B16—072 590 9188).
- Elize Stavast sterk aan na ’n knievervan-gingsoperasie (B16—082 922 0122).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

**Beroepe aanvaar**

- Proponent I de V (ID) Nagel na GK Uitschot.
- Proponent F (Floris) van Staden na GK Stilbaai.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Boekhouer en Belasting Konsultant.** Algemene boekhouding en finansiële state, kontantvloei en likwiditeitsontledings, inkomste belasting en BTW opgawes vir Besighede, Individue en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax@gmail.com

Kan ek toesien tot die registrasie van u huisoordrag? Die Agent het sy prokureur. Die Koper het sy prokureur. Stel u eie **oordragprokureur** aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Mobiele Haarkapster**. Is dit moeilik om by 'n Haarsalon uit te kom? Ek kom na jou toe: was, sny, kleur, Centurion-omgewing. Lindie Venter 076 241 2967.

**Kombuisontwerp**-, vervaardiging- en installasie van kombuis- en ingeboude kaste. Sertifisering van nuwe en bestaande gasinstallasies met sertifikaat. Algemene onderhoud, verf-, teëlwerk en kantooruitleg. Werner vd Walt 082 308 6238 werner@bwinteriors.co.za

**Meenthuis te huur**, Eldoraigne. 2 Sk, 1 bk, 1 toesluit motorhuis en oop parkeer area. R8000 per maand, elektrisiteit uitgesluit. Navrae Aneli 072 238 3616.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig**? Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena Kruger 072 974 2728.

**Algehele herstelwerk** op huise en geboue, verf, plaveisel, waterdigting op huise, staalwerke, teëlwerk asook LPGAS installasie met COC sertifikaat. Kontak Hennie vd Walt 082 927 4326.

## Eljada Huis

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00 vir 18:30

\- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Elke 2de Woensdag om 19:00

volgende byeenkoms 1 Mrt

\- - - -

**KONINGSKINDERS** vergadering 5 Maart na die oggenddiens.

Ons nooi almal uit wat graag wil betrokke raak by die koningskinders reëlings vir hierdie jaar se kamp om agter te bly na die diens.

\- - - -

### Bybels te Koop by die Kerkkantoor

**Afrikaans 2020 Spesiale Aanbod**
(beperkte voorraad beskikbaar)

| | |
|---|---|
| Gewone Druk Harde Band | R100 |
| Gewone Druk Leer | R300 |

**Alle ander amptelike tale:**

| | |
|---|---|
| Sagteband waar beskikbaar | R75 |
| Hardeband | R135 |

**Plaas u bestellings vir die volgende Bybels by die kerkkantoor**:

**Groot Druk:**


| | |
|---|---|
| Afrikaans 1983 Harde Band | R300 |
| Afrikaans 1983 Leer | R525 |
| Afrikaans 2020 Harde Band | R325 |
| Afrikaans 2020 Leer | R460 |

**Buitelandse Bybels:**
Frans, Portugees, Chichewa, Shona - Pryse beskikbaar op aanvraag

*Bybelpryse is onderhewig aan prysveranderinge by die Bybelgenootskap*



### By kerkkantoor beskikbaar @ R100




### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**19 Feb**

| | |
|---|---|
| Hester vd Merwe | Blok B |
| Wilmarie Rheeders | Blok B |
| Simone du Plessis | Blok C |

**26 Feb**

| | |
|---|---|
| Elana Brits | Blok B |
| Cecilia Wolmarans | Blok B |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.




**Kontakpersoon**
**Rika Kruger**